AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

Posbus 14078, Hatfield, 0028
e-pos: affies@affies.co.za

Lynnwoodweg 1
PRETORIA

Tel: (012) 344-3805
Faks: (012) 344-3907

30 Oktober 2018

GRAAD 8- EN 9-EKSAMENREËLINGS - NOVEMBER 2018

Geagte Ouers

1. *Skoolbywoning*

Die Gauteng Departement van Onderwys vereis dat leerders die skool elke dag vir die volle duur van die eksamen moet bywoon. Daarom word daar gereël dat daar studielokale beskikbaar is waar u seun onder toesig kan studeer.

2. *Belangrike datums*

Die volledige eksamenrooster is reeds aan elke leerling verskaf. Dit is op die skool se webtuiste beskikbaar asook op Moodle by die vak Lewensoriëntering (LO).

Maandag 5 November en Dinsdag 6 November: Verpligte skoolbywoning vir alle leerders elke dag van 7:30 tot 12:30.

Woensdag 7 November:	Gr 8 studiedag
	Gr 9 uitstappie na Voortrekkermonument
Donderdag 8 November:	Gr 9 studiedag
	Gr 8 uitstappie na Voortrekkermonument

Die lokaalindeling word Vrydag 2 November aan die leerlinge uitgedeel.

Vrydag 9 November tot Woensdag 28 November: Amptelike eksamen

Donderdag 29 November: Leerlinge wat nie aan die graad 8- of 9-slaagvereistes voldoen nie, het geleentheid om op hierdie dag 'n addisionele vraestel in Afrikaans en/of Wiskunde te kom skryf. Die skool sal u as ouer betyds hiervan in kennis stel.

Vrydag 30 November: Leerders het van 9:00 tot 11:00 tyd om insae in hulle antwoordstelle te kry. Géén veranderings aan punte kan in die nuwe jaar gemaak word nie.

Woensdag 12 Desember: Leerders kan hulle rapporte tussen 8:00 en 9:00 by hulle voogonderwysers afhaal. Onafgehaalde stukke sal by die skool bewaar word.

3. *Eksamentye*

Inhandiging van handboeke by vakonderwysers Alle handboeke van 'n betrokke vak moet op die dag waarop die enigste of laaste vraestel in die vak geskryf word, by die vakpersoneel ingehandig word. Handboeke mag nie op 'n later stadium ingehandig word nie.	7:30 tot 8:00
Aantree in eksamenlokale	8:00
Eksamenadministrasie en leestyd	8:00-8:30
Aanvang van eksamen	8:30

- Geen leerling sal toegelaat word om tydens die amptelike eksamensessies op die skoolterrein rond te beweeg of in die kafeteria te sit nie. Indien 'n seun nie skryf nie, moet hy óf in die koshuis óf in 'n studielokaal wees.

4. *Konsessies*

Leerlinge tree om 7:15 met hulle handboeke voor K11 aan.

5. *Koshuisleerlinge*

Graad 8- en 9-koshuisleerlinge studeer na afloop van die vraestelle in die koshuis.

Koshuisleerlinge moet streng hou by reëlings soos aangedui op koshuisskrywe.

6. *Eksamenregulasies*

6.1 Geen leerling sal toegelaat word om 'n vraestel **op 'n ander tyd te skryf nie.** Indien 'n leerling nie skryf nie, verbeur hy die punte van dié spesifieke vraestel. Hierdie reëling geld veral vir leerlinge wat die laaste dag om een of ander reis- of vakansiereëling vroeër moet vertrek.

6.2 Indien 'n leerling as gevolg van **ernstige** siekte nie die eksamen op die geskeduleerde datum kan skryf nie, moet sy aansoek om uitstel van die vraestel met 'n geldige, oorspronklike mediese sertifikaat aangebied word. Hierdie aansoek mag slegs by Me. E. van Loggerenberg ingedien word (elmarie.vanloggerenberg@affies.co.za).

6.3 Indien 'n leerling afwesig is, herinner ons u aan die skoolregulasie dat u ons vroegtydig per telefoon, e-pos of ondertekende brief moet verwittig.

6.4 Leerlinge moet op die tye van die sessies let. Persone wat laat kom, sal nie ekstra tyd gegee word om vraestelle te voltooi nie.

6.5 Geen leerling mag 'n selfoon in sy besit hê in 'n eksamenlokaal nie. Indien hy wel 'n selfoon skool toe bring, sal dit op eie risiko in sy tas of in 'n houer voor in die klas by die toesighoudende onderwyser gelaat moet word.

6.6 Geen skryfbehoeftes mag uitgeleen of geleen word nie.

6.7 Slegs **deursigtige pennesakkies** sal in die eksamenlokaal toegelaat word.

6.8 Geen "tippex" mag gebruik word nie.

6.9 Leerlinge moet met 'n blou of swart pen skryf.

7. *Handboeke*

Let asseblief op die reëlings soos uiteengesit onder paragraaf 3 - **geen** handboek mag op 'n ander tyd ingehandig word nie.

Uitstaande handboeke sal op u skoolrekening gehef word.

Ons vra asseblief u samewerking in dié verband om onaangenaamheid aan die einde van die jaar of volgende jaar te voorkom.

Vriendelike groete

DR P EDWARDS
HOOF

ME M.E. VAN LOGGERENBERG
ADJUNKHOOF : AKADEMIE